



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Corporate / Korporatief

Grahamstadweg 61 Grahamstown Road
Noordeinde / North End, Port Elizabeth, 6001

Posbus / PO Box 2002
Noordeinde / North End, Port Elizabeth, 6056

Direk / Direct: 041 503 3060
Faks / Fax: 086 206 0051
e-pos / e-mail: jo.oosthuizen@bkb.co.za

www.bkb.co.za

U Verwysing / Your Reference:
Ons Verwysing / Our Reference:

4 Februarie 2022

Geagte BKB-aandeehouer

DIE NUUTSTE INLIGTING | VOORGESTELDE NOTERING VAN BKB BEPERK (“BKB” of “die Maatskappy”) OP DIE SEKURITEITBEURS WAT DEUR CAPE TOWN STOCK EXCHANGE EIENDOMS BEPERK (“CTSE”) BEDRYF WORD

1. Aandeehouers van BKB (“Aandeehouers”) word verwys na die brief gedateer 22 Desember 2021 wat op die BKB-webwerf gepubliseer is ten opsigte van die voorgestelde notering van die Maatskappy op die beurs wat deur CTSE bedryf word (“CTSE-notering”).- <https://www.bkb.co.za/proposed-listing-of-bkb-limited-22-december-2021/>
2. Soos aan Aandeehouers gekommunikeer is, is daar verwag dat die voorgestelde CTSE-notering teen die middel van Februarie 2022 sou geskied. Om egter te sorg dat Aandeehouers voldoende tyd het om hulle aandele te dematerialiseer en aandelehandelsrekenings te open, het die Maatskappy besluit om die CTSE-notering tot die begin van Maart 2022 (“Verwagte BKB-noteringsdatum”) uit te stel. 'n Formele aankondiging wat die CTSE-noteringsdatum bevestig, sal mettertyd gedoen word.
3. Met die oog daarop dat Aandeehouers hulle BKB-aandele op die Verwagte BKB-noteringsdatum op die CTSE kan verhandel, word Aandeehouers aangemoedig om die volgende prosedures te volg:



Direkteure /Directors

G E J Kingwill (VOORSITTER/CHAIRMAN),
H J Swart (ONDER-VOORSITTER/VICE-CHAIRMAN)
J E Stumpf (BESTUREND/MANAGING)
J A van Niekerk (FINANSIEEL/FINANCE)
A S du Toit (UITVOEREND/EXECUTIVE)
P G Carshagen, C D Hobson, J F Janse van Rensburg, M H Jonas,
E A Meyer, V Pillay, H C Staple.

INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE
ENCOURAGE ENTREPRENEURSHIP
DRIVE EARNINGS
VALUE EMPLOYEES
CONSERVE THE ENVIRONMENT

Maatskappysekretaris / Company Secretary

J Oosthuizen MEV/MRS

BKB Beperk/BKB Limited: 1998/012435/06
Geregistreeer by die Raad vir Landbouprodukte-Agente in
terme van Wet 12/1992 GETROUWHEIDSFONDSERTIFKAATNR.79
Registered at the Agricultural Produce Agents Council in
terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE NO 79

4. DEMATERIALISERINGSVEREISTE WAT PER WET OPGELÊ WORD

- 4.1. In ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Finansiële Markte, No 19 van 2012, soos gewysig (“WFM”), is die verhandeling van aandele wat op enige gelisensieërde aandelebeurs in Suid-Afrika (soos byvoorbeeld CTSE of die JSE) genoteer gaan word, net moontlik as sodanige aandele in 'n gedematerialiseerde formaat, d.w.s. elektronies by 'n makelaar in 'n aandelehandelsrekening, gehou word (“**Gedematerialiseerde Formaat**”).
- 4.2. Gevolglik sal daar van enige aandeelhouers van 'n maatskappy wat van voorneme is om sy aandele op 'n gelisensieërde aandelebeurs te laat verhandel en wie se uitgereikte aandele in sertifikaatformaat gehou word, dws sy aandeelhouers hou hulle aandele in fisiese aandelesertifikate (“**Sertifikaatformaat**”), vereis word (soos deur die WFM opgelê word) om 'n proses te ondergaan om hulle aandele van Sertifikaatformaat in Gedematerialiseerde Formaat (wat elektronies gehou word) te omskep (“**Dematerialiseringsproses**”).
- 4.3. Net aandeelhouers wat die Dematerialiseringsprosessuksesvol afgehandel het en wat 'n aandeleverhandelingsrekening geopen het, sal met ingang van die datum waarop die notering van die betrokke maatskappy geïmplementeer word, in hulle aandele kan handel dryf.
- 4.4. Aandeelhouers moet daarop let dat bogemelde proses eweneens vir hulle geld en die Direksie sy Aandeelhouers aanmoedig om proaktief aan die Dematerialiseringsproses deel te neem (hieronder verduidelik), wat na die Direksie se mening 'n belangrike stap is om Aandeelhouerdeursigtigheid en toekomstige handel in BKB-aandele te bevorder.
- 4.5. Gevolglik, om voor te berei vir die CTSE-notering en om Aandeelhouers in staat te stel om hulle BKB-aandele te verhandel wanneer die CTSE-notering effektief raak op die Verwagte BKB-CTSE-noteringsdatum of sodanige ander datum wat aan Aandeelhouers gekommunikeer kan word, indien van toepassing (“**CTSE-notering effektiewe datum**”), is die doel van dié brief om Aandeelhouers (op wie dit van toepassing is) in te lig oor die formele proses en optrede wat van hulle vereis word om hulle BKB-aandele wat in Sertifikaatformaat gehou word, in Gedematerialiseerde Formaat te omskep.
*BKB-aandeelhouers word ook verwys na die verduidelikende vloedigram wat die Dematerialiseringsproses illustreer en as **Bylae A** hierby aangeheg word.*

5. DEMATERIALISERINGSPROSES VIR BKB-AANDEELHOUDERS WAT NIE BKB-AANDELESERTIFIKATE HOU NIE OF WIE SE BKB-AANDELE DEUR BKB IN VEILIGE BEWARING GEHOU WORD (“SERTIFIKAATLOSE BKB-AANDEELHOUDERS”)

- 5.1. Van Sertifikaatlose BKB-aandeelhouers word geen optrede vereis wat die Dematerialiseringsproses betref nie, aangesien hulle BKB-aandele as deel van die Dematerialiseringsproses outomaties in Gedematerialiseerde Formaat omskep sal word.
- 5.2. Sertifikaatlose BKB-aandeelhouers wat op die CTSE-notering effektiewe datum egter in hulle aandele wil handel dryf, sal (voor die CTSE-notering effektiewe datum) 'n aandeleverhandelingsrekening by 'n



Direkteure /Directors

G E J Kingwill (VOORSITTER/CHAIRMAN),
H J Swart (ONDER-VOORSITTER/VICE-CHAIRMAN)
J E Stumpf (BESTUREND/MANAGING)
J A van Niekerk (FINANSIEEL/FINANCE)
A S du Toit (UITVOEREND/EXECUTIVE)
P G Carshagen, C D Hobson, J F Janse van Rensburg, M H Jonas,
E A Meyer, V Pillay, H C Staple.

INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE
ENCOURAGE ENTREPRENEURSHIP
DRIVE EARNINGS
VALUE EMPLOYEES
CONSERVE THE ENVIRONMENT

Maatskappysekretaris / Company Secretary

J Oosthuizen MEV/MRS

BKB Beperk/BKB Limited: 1998/012435/06
Geregistreer by die Raad vir Landbouprodukte-Agente in
terme van Wet 12/1992 GETROUWHEIDSFONDSERTIFIKAATNR.79
Registered at the Agricultural Produce Agents Council in
terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE NO 79

CTSE-goedgekeurde aandelemakelaar moet open. *Verwys na **Na dematerialisering en opening van 'n aandeleverhandelingsrekening hieronder.***

6. DEMATERIALISERINGSPROSES VIR BKB-AANDEELHOUERS WAT BKB-AANDELESERTIFIKATE HOU (“BKB-AANDEELHOUERS MET SERTIFIKATE”)

6.1. BKB-aandehouers met Sertifikate wat hulle BKB-aandele op die CTSE-notering effektiewe datum wil verhandel, moet **nie later nie as 17:00 op Vrydag 4 Maart 2022:**

6.1.1. 'n inlewer-en-oordragvorm (Aangeheg hierby as Bylaag C), behoorlik onderteken en ingevul (in ooreenstemming met die opdragte daarop) (“**Inlewervorm**”) terugstuur, welke vorm ook op versoek by **(1)** BKB se Aandeleklerk, Marinda van Niekerk by telefoonnommer 041 5033062 of per e-pos by marinda.vanniekerk@bkb.co.za of by **(2)** BKB se Maatskappysekretaris, Johannette Oosthuizen, by telefoonnommer **041 503 3060** of per e-pos by jo.oosthuizen@bkb.co.za of **(3)** per e-pos by CTSE Registry by admin@ctseregistry.co.za beskikbaar is; anders kan BKB-aandehouers by hulle naaste handelstak (verwys na paragraaf 6.2 hieronder) 'n Inlewervorm verkry; en

6.1.2. die ingevulde en ondertekende Inlewervorm, saam met sodanige toepaslike BKB-aandelesertifikaat(-ate), indien of aflewer by hulle naaste BKB-handelstak, waar 'n aangewese takbestuurder dit in ontvangs sal neem en op sy beurt aan die betrokke BKB-aandehouer met Sertifikate 'n toepaslike ontvangsbewys sal verskaf.

6.2. ***LW BKB-aandehouers met Sertifikate word verwys na Bylae B vir 'n uiteensetting van die toepaslike handelstakke, liggings, kontakbesonderhede en aangewese individue wat die BKB-aandehouers met Sertifikate in dié verband sal bystaan.***

6.3. BKB-aandehouers met Sertifikate wat 'n alternatiewe reëling wil tref in verband met die Dematerialiseringsproses wat op hulle van toepassing is, is welkom om met BKB se **(1)** Aandeleklerk, Marinda van Niekerk by telefoonnommer 041 5033062 of per e-pos by marinda.vanniekerk@bkb.co.za of **(2)** die Maatskappysekretaris, Johannette Oosthuizen, by telefoonnommer **041 503 3060** of per e-pos by jo.oosthuizen@bkb.co.za in verbinding te tree.

7. DEMATERIALISERINGSPROSES VIR BKB-AANDEELHOUERS WAT BKB-AANDELESERTIFIKATE HOU WAT VERLORE OF VERNIETIG IS [“BKB-AANDEELHOUERS MET (VERLORE/VERNIETIGDE) SERTIFIKATE”]

7.1. BKB-aandehouers met (Verlore/Vernietigde) Sertifikate moet:

7.1.1. ongeag daarvan dat die sertifikate met betrekking tot sodanige Aandehouers verlore of vernietig is, die Inlewervorm invul en onderteken (verwys na paragraaf 6.1 tot 6.3 hierbo in verband met die verkryging van die vereiste Inlewervorm; **en**



Direkteure /Directors

G E J Kingwill (VOORSITTER/CHAIRMAN),
H J Swart (ONDER-VOORSITTER/VICE-CHAIRMAN)
J E Stumpf (BESTUREND/MANAGING)
J A van Niekerk (FINANSIEEL/FINANCE)
A S du Toit (UITVOEREND/EXECUTIVE)
P G Carshagen, C D Hobson, J F Janse van Rensburg, M H Jonas,
E A Meyer, V Pillay, H C Staple.

INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE
ENCOURAGE ENTREPRENEURSHIP
DRIVE EARNINGS
VALUE EMPLOYEES
CONSERVE THE ENVIRONMENT

Maatskappysekretaris / Company Secretary

J Oosthuizen MEV/MRS

BKB Beperk/BKB Limited: 1998/012435/06
Geregistreer by die Raad vir Landbouprodukte-Agente in
terme van Wet 12/1992 GETROUWHEIDSFONDSSERTIFKAATNR.79
Registered at the Agricultural Produce Agents Council in
terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE NO 79

7.1.2. saam met die ingevulde en ondertekende Inlewervorm, bewys te dien effekte na bevrediging van die Direksie verskaf en daarbenewens ook 'n behoorlik ingevulde en ondertekende vrywaringsvorm wat op versoek by CTSE Registry (admin@ctseregistry.co.za) of die Maatskappy aandeelklerk, Marinda van Niekerk, by kontaknommer **041 503 3062** of per e-pos by marinda.vanniekerk@bkb.co.za of by die Maatskappysekretaris, Johannette Oosthuizen by kontaknommer 041 5033060 of per epos by jo.oosthuizen@bkb.co.za (“**Vrywaringsvorm**”) beskikbaar is, indien.

7.2. Ná indiening van hulle Inlewervorm en Vrywaringsvorm, soos hierbo uiteengesit word, kan die Direksie afsien van die vereiste wat van toepassing is op 'n Aandeelhouer van (Verlore/Vernietigde) Sertifikate wat die inlewering van sy/haar BKB-aandeesertifikaat(-ate) betref.

8. **NÁ DEMATERIALISERING EN OPENING VAN 'N AANDELEHANDELSREKENING**

8.1. Aandeelhouders wat die Dematerialiseringsproses wat op hulle van toepassing is, soos hierbo uiteengesit word, suksesvol afgehandel het en op die CTSE-notering effektiewe datum hulle BKB-aandele wil verhandel, moet (voor die CTSE-notering effektiewe datum) 'n aandeleverhandelingsrekening by 'n CTSE-goedgekeurde aandelemakelaar open. In dié verband moet Aandeelhouders daarop let dat A-Trade Eiendoms Beperk (“**A-Trade**”) tans die gemagtigde ekwiteitmakelaarsdiensverskaffer op die CTSE-gebied is.

8.2. Onmiddellik voor die CTSE-notering effektiewe datum sal die BKB-aandeesertifikate van BKB-aandeelhouders wat die Dematerialiseringsproses suksesvol afgehandel het, gekanselleer word, hulle BKB-aandele outomaties in Gedematerialiseerde Formaat omskep word en daarna oorgeplaas word na 'n genomineerde rekening wat deur CTSE Registry Services Eiendoms Beperk (“**CTSE Registry**”) beheer word. As bewaarder sal CTSE Registry BKB-aandele hou namens elke BKB-aandeelhouer (wat die voordelige houer daarvan sal bly). Aandeelhouders sal ná die CTSE-notering effektiewe datum 'n staat van CTSE Registry ontvang waarin hulle verwittig word van die getal BKB aandele wat gehou word.

8.3. CTSE Registry (wat 'n volfiliaal van CTSE is) is 'n State-goedgekeurde oordragsekretaris en tree as 'n sentrale onafhanklike register van voordelige eienaarskap op.


8.4. Alle Aandeelhouders sal ook 'n **gratis** CTSE Registry-rekening ontvang, wat hulle in staat stel om **(i)** te kyk na hulle transaksiesgeskiedenis, aankondigings en ander kommunikasie (soos stem- en verkiesingsaankondigings) wat deur CTSE Registry gestuur word, **(ii)** portefeuljestate te genereer, en **(iii)** belastingsertifikate en nog baie meer te verkry.

8.5. Benewens die bostaande en met betrekking tot BKB-aandeelhouders wat soos op die CTSE-notering effektiewe datum hulle aandelehandelingsrekenings suksesvol geopen het, sal die BKB-aandele van sodanige aandeelhouders met aanvang van die CTSE-notering effektiewe datum outomaties sonder enige bykomende koste ook in hulle onderskeie aandeleverhandelingsrekenings (insluitende in elke BKB-aandeelhouer se persoonlike CTSE Registry-rekening) weerspieël word.



Direkteure /Directors

G E J Kingwill (VOORSITTER/CHAIRMAN),
H J Swart (ONDER-VOORSITTER/VICE-CHAIRMAN)
J E Stumpf (BESTUREND/MANAGING)
J A van Niekerk (FINANSIEEL/FINANCE)
A S du Toit (UITVOEREND/EXECUTIVE)
P G Carshagen, C D Hobson, J F Janse van Rensburg, M H Jonas,
E A Meyer, V Pillay, H C Staple.



Maatskappysekretaris / Company Secretary

J Oosthuizen MEV/MRS

BKB Beperk/BKB Limited: 1998/012435/06
Geregistreer by die Raad vir Landbouprodukte-Agente in
terme van Wet 12/1992 GETROUWHEIDSFONDSERTIFKAATNR.79
Registered at the Agricultural Produce Agents Council in
terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE NO 79

- 8.6. Indien 'n Aandeelhouer kies om voor die CTSE-notering effektiewe datum (en daarna) nie 'n aandeleverhandelingsrekening te open nie, sal sodanige Aandeelhouer se aandele eers met ingang van die CTSE-notering effektiewe datum in die betrokke aandeelhouer se persoonlike CTSE Registry-rekening weerspieël word en, ná geslaagde registrasie van 'n aandeleverhandelingsrekening, sal die betrokke aandeleverhandelingsrekening daarna outomaties bygewerk word om voormelde aandeelhouer se BKB-aandele te weerspieël.

9. NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE

- 9.1. BKB-aandeelhouders wat verdere inligting oor die Dematerialiseringsproses verlang, kan met **(1)** BKB se Maatskappysekretaris, Johannette Oosthuizen, by telefoonnommer **041 503 3060** of per e-pos by jo.oosthuizen@bkb.co.za of **(2)** Marinda van Niekerk by telefoonnommer **041 503 3062** of per e-pos by marinda.vanniekerk@bkb.co.za of **(3)** Estelle de Jager van CTSE Registry (wat die oordragsekretaris van BKB is) by telefoonnommer **011 100 8352** of per e-pos by admin@ctseregistry.co.za vir bystand in verbinding tree.
- 9.2. Aandeelhouders wat verdere inligting **oor die opening van 'n aandeleverhandelingsrekening**, spesifiek **die opening van 'n A-Trade-rekening**, verlang, moet asseblief www.atrade.co.za besoek of met A-Trade **(1)** per e-pos by general@atrade.co.za of **(2)** by telefoonnommer **087 095 3359** in verbinding tree.

BELANGRIKE KENNISGEWING:

Onderworpe aan 'n verandering van die Verwagte BKB–CTSE-noteringsdatum, indien enige, word daar met die oog op die bevestiging van die finale BKB-aandeleregister as voorbereiding vir die CTSE-notering vermag dat die BKB-aandeleregister vanaf 17:00 op Vrydag 4 Maart 2022 tot die effektiewe CTSE-notering datum gesluit sal wees en geen handel in BKB se aandele toegelaat sal word nie.


Die uwe

JOHANNETTE OOSTHUIZEN (MEV)
MAATSKAPPYSEKRETARIS
BKB BEPERK



Direkteure /Directors

G E J Kingwill (VOORSITTER/CHAIRMAN),
H J Swart (ONDER-VOORSITTER/VICE-CHAIRMAN)
J E Stumpf (BESTUREND/MANAGING)
J A van Niekerk (FINANSIEEL/FINANCE)
A S du Toit (UITVOEREND/EXECUTIVE)
P G Carshagen, C D Hobson, J F Janse van Rensburg, M H Jonas,
E A Meyer, V Pillay, H C Staple.




Maatskappysekretaris / Company Secretary

J Oosthuizen MEV/MRS

BKB Beperk/BKB Limited: 1998/012435/06
Geregistreer by die Raad vir Landbouprodukte-Agente in
terme van Wet 12/1992 GETROUWHEIDSFONDSSERTIFKAATNR.79
Registered at the Agricultural Produce Agents Council in
terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE NO 79



BKB AANDEELHOUER



- Verkry by/Versoek van:
- BKB-maatskappysekretaris
 - Naaste BKB-hanselstak
 - CTSE Registry

Kontak
 Marinda van Niekerk
 Tel: 041 503 3060 of by
 e-pos: marinda.vanniekerk@bkb.co.za
 of
 Johannette Oosthuizen
 Tel: 041 503 3060 of by
 e-pos: jo.oosthuizen@bkb.co.za

Handelsak	Bestuurder	Adres	E-pos	Landlyn nommer (T)
ABERDEEN	Zenobia Erasmus	Posbus 49 Cathcartstraat Aberdeen 6270	handel.aberdeen@bkb.co.za	049 846 0282 049 846 0748
ADELAIDE	Frikkie Landman	Posbus 315 Churchstraat Adelaide 5760	handel.adelaide@bkb.co.za	046 684 0081
ALIWAL-NOORD	Johann Venter - Jan	Posbus 249 Greystraat 20B Aliwal-Noord 9750	handel.aliwalnorth@bkb.co.za	051 633 2143 051 633 3189
ALEXANDRIA	Marius Bothma	Grahamstown Road Posbus 62 Alexandria 6185	handel.alexandria@bkb.co.za	046 653 0179
AMERSFOORT	Madelize van der Merwe	Posbus 241 Sybrand Niek- straat 49 Amersfoort 2490	handel.amersfoort@bkb.co.za	017 753 1530
BARKLY-OOS	Pieter Vorster	11 Whitestraat Posbus 87 Barkly-Oos 9786	handel.barklyeast@bkb.co.za	045 971 0081
BEAUFORT-WES	Rynhardt Van Der Riet	Posbus 77 Donkinstraat 150 Beaufort-Wes 6970	handel.beaufortwes@bkb.co.za	023 414 3211
BEAUFORT-WES DRIVEWAY	Christelle Van Der Riet/Rynhardt Van Der Riet	Donkinstraat 156 Beaufort-Wes 6970	christelle.vanderiet@bkb.co.za	023 414 2651
BKB MIDDELBURG DISTRIBUTION CENTRE (PTY)LTD	Marius Le Roux	Corner Noord & New Straat Middelburg 5900	rudiano.jansen@bkb.co.za	049 802 2180
BLOEMFONTEIN	Karel Lessing	Posbus 34503 Jagersfonteinpad Faunasig	handel.bloem@bkb.co.za	051 421 1329 086 163 1675

		Bloemfontein 9325		
BRANDFORT	Suretha Van Eeden	Posbus 60 Voortrekkerstraat 10 Brandfort 9400	handel.brandfort@bkb.co.za	051 821 2265/6
BURGERSDORP/DRIVEWAY	Johan Venter	Posbus 101 H/v Hendrik Potgieter- en Vd Walt-straat Burgersdorp 9744	handel.burgersdorp@bkb.co.za	051 65 30283 051 653 1287
BURGERSDORP DRIVEWAY	Yolandi Cloete	Hv Hendrik Potgieter- en Vd Walt-straat Burgersdorp 9744	yolandi.cloete@bkb.co.za	051 653 0283
CALEDON	Sonja Heyns	Posbus 85 Chavonnesstaat Caledon 7230	handel.caledon@bkb.co.za	028 212 3106
CARNARVON	Nico J Smit	Posbus 47 Victoriastraat Carnarvon 8925	handel.carnarvon@bkb.co.za	053 382 3071
CATHCART	Lize Van Biljon	Posbus 50 Robinsonweg Cathcart 5310	handel.cathcart@bkb.co.za	045 843 1091
COLESBERG	Louis Potgieter	Posbus 5 Highstraat Cedarville 4720	handel.colesberg@bkb.co.za	051 753 0757
CRADOCK	Corne Erasmus	Posbus 98 Kerkstraat 12 Colesberg 9795	handel.cradock@bkb.co.za	048 881 3030
DE AAR (S)	Harold Malan	Posbus 109 Jennystraat 42 De Aar 7000	handel.deaar@bkb.co.za	053 631 0849 053 631 0840 053 631 0851

DEALESVILLE	Wimpie Du Plooy	Posbus 57 Andries Pretorius- straat 5 Dealesville 9348	handel.dealesville@bkb.co.za	051 811 0374
ELLIOT	Charl Reynders	Posbus 2 Maclearweg Elliot 5460	handel.elliott@bkb.co.za	045 931 1258
ELLIOT DRIVEWAY	Joe-Marie Botha	Posbus 2 Maclearweg 5460	joe-marie.botha@bkb.co.za	045 931 2165
ERMELO	Albert Swanepoel	Posbus 232 De Clercq-straat 8 Ermelo 2350	handel.ermelo@bkb.co.za	017 811 5938 017 811 5979
FRANKFORT	Taryn Jansen	Posbus 15 Brandstraat 72 Frankfort 9830	Handel.frankfort@bkb.co.za	058 813 1101
GOLDEN VALLEY	Henk Weyers	Posbus 70 Cookhouse Golden Valley 5820	handel.goldenvalley@bkb.co.za	042 247 5975
GRAAFF-REINET	Wessel Geldenhuys	Posbus 194 Fabriekstraat 13 Graaff Reiniet 6280	handel.greinet@bkb.co.za	049 892 4106/7 049 892 4160
HANOVER	Corlia le Roux	Posbus 8 Markstraat 21 Hanover 7005	handel.hanover@bkb.co.za	053 643 0278
HARRISMITH	Donald Burns	Posbus 327 Bellstraat 5 Harrismith 9880	handel.harrismith@bkb.co.za	058 622 2613
HEILBRON	Thys Bornman	Posbus 30 Hv Kerk- en Ringerstraat Heilbron 9650	handel.heilbron@bkb.co.za	058 852 2340 058 852 2343
JACOBSDAL	Alfred Hodgson	Posbus 163 Voortrekkerstraar 42	handel.jacobsdal@bkb.co.za	053 591 0414

		Jacobsdal 8710		
KOMGA	Ronel Bezuidenhout	Posbus 11 Hoofstraat Komga 4950	handel.komga@bkb.co.za	043 831 1011
KROONSTAD	Quintin Scorgie Gerda Smit	Posbus 1682 7de Laan 27 Kroonstad 9500	handel.kroonstad@bkb.co.za	056 213 1312 056 213 1316
MACLEAR	Matthew Burger	Posbus 111 Pambilistraat Maclear 5480	handel.maclear@bkb.co.za	045 932 1062
MIDDELBURG	CJ Mentz	Posbus 27 Laboratoriumsingel Middelburg 5900	handel.middelburg@bkb.co.za	049 842 1090
PATERSON	Blikkies Blignaut	Posbus 14 Buchnerstraat Paterson 6130	handel.paterson@bkb.co.za	042 235 1040
PAULPIETERSBURG	Jurina Nel	Posbus 51 Hoogstraat 14 Paulpietersburg 3180	handel.paulpietersburg@bkb.co.za	034 995 1674
PHILIPPOLIS	Berina Jacobs	Posbus 6 Kokstraat 64 Philippolis 9970	handel.philippolis@bkb.co.za	051 773 0139
PHILIPSTOWN	Tissie Fourie	Posbus 30 Greenstraat Philipstown 8795	handel.philipstown@bkb.co.za	053 665 0181
BKB PORT ELIZABETH	Mariza Louw	Posbus 2002 Grahamstadweg 61 Port Elizabeth 6056	handel.pe@bkb.co.za	041 503 3086
QUEENSTOWN	Nelco Van Der Westhuizen	Posbus 331 Dickersonstraat Queenstown 5320	handel.queenstown@bkb.co.za	045 839 5241
RICHMOND	Christiaan Van Zyl	Posbus 80	handel.richmond@bkb.co.za	053 693 0010

		Springstraat 4 Richmond 7090		
SOMERSET - OOS	Alfie Kemp	Posbus 152 Crewe Browne-laan Somerset-Oos 5850	handel.somerseteast@bkb.co.za	042 243 1126
SOMERSET-OOS DRIVEWAY	Nicky Kruger	Crewe Browne-laan Somerset-Oos 5850	nicky.kruger@bkb.co.za	042 243 1127
SPRINGFONTEIN	Sebastian Jooste	Posbus 52 Springfontein 9917	handel.springfontein@bkb.co.za	051 783 0166
STANDERTON	Louis Bester	Posbus 220 Krogstraat 17 Standerton 2430	handel.standerton@bkb.co.za	017 712 1287
STERKSTROOM	Madeleine Brown	Posbus 36 Van Zyl-straat Sterkstroom 5425	handel.sterkstroom@bkb.co.za	045 966 0055
STUTTERHEIM	Warren Oosthuis	Posbus 119 Stasiestraat Stutterheim 4930	handel.stutterheim@bkb.co.za	043 683 1317
STEYTLERVILLE	Harm Kruger	Posbus 33 Piet Retief-straat 27 Steytlerville 6250	handel.steytlerville@bkb.co.za	049 835 0020 049 835 0243
TARKASTAD	Riaan Muller	Posbus 17 Murraystraat Tarkastad 5370	handel.tarkastad@bkb.co.za	045 846 0035/72
UGIE	Bertus Siegruhn	Posbus 12 Commercialweg Ugie 5470	handel.ugie@bkb.co.za	045 933 1010
UTRECHT	Annelie Stannard	Posbus 102 Voorstraat 44 Utrecht 2980	handel.utrecht@bkb.co.za	034 331 3331
VOLKSRUST	Frans- Marx Meyer	Posbus 113 Joubertstaat 49 Volksrust	handel.volksrust@bkb.co.za	017 735 5050 0177353811 (k)

		2470		
VREDE	Sam Odendaal	Posbus 104 Prinsloostraat 19 Vrede 9835	handel.vrede@bkb.co.za	058 913 1161/2
WILLOWMORE	Leon Raulstone	Posbus 151 St John-straat 1 Willowmore 6445	handel.willowmore@bkb.co.za	044 923 1162
ZASTRON (N)	Sarieta Carsten	Posbus 104 Majozistraat 22 Zastron 9950	handel.zastron@bkb.co.za	051 673 1171



BKB BEPERK

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer

Registrasienommer: 1998/012435/06

CTSE-aandelekode: 4ABKB

ISIN: ZAE400000069

("BKB" of "die Maatskappy")

INLEWERVORM (NET VIR GEBRUIK DEUR AANDEELHOERS MET SERTIFIKATE)

Moet net deur BKB-aandehouers ingevul word.

1. Volledige besonderhede van die voorgestelde notering van die Maatskappy ("**BKB-notering**") op die beurs wat deur Cape Town Stock Exchange Eiendoms Beperk ("**CTSE**") bedryf word, is vervat in die formele brief wat aan die aandehouers van BKB, gedateer 4 Februarie 2022, gestuur word.
2. In ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Finansiële Markte, No 19 van 2012, soos gewysig ("**WFM**"), kan enige handel in genoteerde sekuriteite net geïmplementeer word as sodanige sekuriteite in gedematerialiseerde formaat gehou word (dws daar word nie meer deur aandeesertifikate of ander titeldokumente van die sekuriteite bewys gelewer nie). Daarbenewens, word daar ingevolge die akte van inkorporasie van die Maatskappy ("**AVI**") (klousule 9) bepaal dat, solank die Maatskappy op 'n beurs genoteer is, die aandele van die Maatskappy in gedematerialiseerde formaat gehou en uitgereik moet word.
3. Gevolglik, in die mate wat BKB-aandehouers voor die BKB-notering effektief raak aandeesertifikate hou, moet sodanige aandehouers hulle BKB-aandeesertifikate voor die datum van die BKB-notering by die Maatskappy inlewer, sodat die aandeesertifikate in afwagting van die BKB-notering gedematerialiseer kan word.
4. Wanneer die aandele gedematerialiseer word, sal die aandele oorgeplaas word na 'n elektroniese aandelebewaringsrekening by CTSE Registry Services Eiendoms Beperk ("**CTSE Registry**"), 'n volfiliaal van CTSE, wat die aandele namens die toepaslike BKB-aandehouer sal hou. In die mate wat 'n BKB-aandehouer op of ná die datum van die BKB-notering sy/haar aandele wil verhandel, moet 'n aandelehandelsrekening by 'n goedgekeurde makelaar van CTSE geopen word. In dié verband moet BKB-aandehouers daarop let dat A-Trade Eiendoms Beperk ("**A-Trade**") tans die enigste goedgekeurde makelaar van CTSE is.

Dié inlewervorm moet net gebruik word deur BKB-aandehouers wat BKB-aandeesertifikate hou

OPDRAGTE:

1. 'n Afsonderlike Inlewervorm word vir elke Aandehouer met Sertifikate vereis.
2. **DEEL 1** – moet deur Aandehouers met Sertifikate ingevul word.
3. **DEEL 2** – moet NET ingevul word deur BKB-aandehouers WAT EMIGRANTE UIT OF NIE-INWONERS VAN DIE GEMEENSKAPLIKE MONETÊRE GEBIED IS.
4. Bykomende eksemplare van dié Inlewervorm kan by die Maatskappy en/of die Oordragsekretaris, te wete CTSE Registry Services Eiendoms Beperk, verkry word.
5. Alle aandehouers wie se sertifikate verlore or vernietig iswat dié Inlewervorm invul, moet 'n gesertifiseerde afskrif van hulle identiteitsdokument aanheg.
6. Alle Inlewervorms moet nie later nie as 17:00 op 4 Maart 2022 by die BKB-maatskappysekretaris of die Oordragsekretaris by die toepaslike adres ingedien word.

Die Maatskappysekretaris vir BKB:

Grahamstownweg 61, Noordeinde
Gqeberha (Port Elizabeth), 6001
Oos-Kaap, Suid-Afrika

(Posbus 2002, Noordeinde, 6056)

E-pos: marinda.vanniekerk@bkb.co.za en/of
jo.oosthuizen@bkb.co.za

Die Oordragsekretaris: CTSE Registry Services Eiendoms Beperk

Verdieping 5, Albertweg 68
Woodstock
Kaapstad
7925
Suid-Afrika

(Postnet-suite 5, Privaat Sak X4, Woodstock, 7915)

E-pos: admin@ctseregistry.co.za

DEEL 1 – MOET DEUR AANDEELHOERS MET SERTIFIKATE INGEVUL WORD.

Ek/Ons magtig u onherroeplik en *in rem suam* om die ondertekening te bewerkstellig van sodanige dokumente wat nodig kan wees om die dematerialisering van my/ons aandeesertifikate in afwagting van die BKB-notering te voltooi.

Ek/Ons gee u hiermee opdrag om, wanneer my/ons aandele gedematerialiseer is, my/ons gedematerialiseerde aandele na 'n elektroniese aandelebewaringsrekening by CTSE oor te plaas om namens my gehou te word.

My/Ons handtekening(-e) op dié Inlewervorm maak my/ons magtiging uit om dié opdrag uit te voer.

Titeldokumente ingelewer

Sertifikaatnommer(-s)	Getal BKB-aandele deur elke sertifikaat gedek
TOTAAL	

Titel	Stempel en adres van agent wat dié vorm indien (indien enige)
Van	
Voornaam(-ame)	
Posadres van Aandeehouer in die register opgeteken	
Handtekening van Aandeehouer	
Bygestaan deur (indien van toepassing)	
Datum	
Telefoonnommers	
Huis ()	
Werk ()	
Sel ()	
E-pos:	
Lidmaatskapnommer:	

DEEL 2 – – MOET INGEVUL WORD DEUR EMIGRANTE UIT EN NIE-INWONERS VAN DIE GEMEENSKAPLIKE MONETÊRE GEBIED

Genomineerde gemagtigde handelaar in geval van 'n aandeelhouer wat 'n emigrant uit of nie-inwoner van die gemeenskaplike monetêre gebied is? (sien aantekening 2 hieronder):

Naam van gemagtigde handelaar/bank	
Adres	
Rekeningnommer	
Stempel en adres van agent wat dié vorm indien (indien enige)	

Handtekening van Aandeelhouer	
--------------------------------------	--

Aantekeninge:

1. In die mate wat aandeelhouers hulle BKB-aandeesertifikate by die naaste BKB-tak aflewer, sal die toepaslike BKB-tak 'n erkenning van ontvangs uitreik ten opsigte van die aandeesertifikate wat ingelewer is. 'n Volledige lys van al die deelnemende BKB-takke (insluitende die kontakpersoon vir elke tak) is aangeheg by die Dematerialiseringsbrief aan BKB-aandeelhouers gedateer 4 Februarie 2022.
2. Persone wie se geregistreerde adresse in die register buite die gemeenskaplike monetêre gebied val, of wie se aandele beperkend geëndosseer is, moet 'n gemagtigde handelaar in Deel B van dié Inlewervorm nomineer.
3. Enige wysiging van dié Inlewervorm moet voluit onderteken en nie gearafer word nie.
4. Indien dié Inlewervorm ingevolge 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan, saam met dié vorm gestuur word om opgeteken te word (tensy dit reeds deur die Maatskappy of sy Oordragsekretaris opgeteken is).
5. Indien die BKB-aandeelhouer 'n maatskappy of beslote korporasie is, en tensy dit reeds deur BKB of die Oordragsekretaris geregistreer is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteurs- of ledebesluit wat die ondertekening van dié Inlewervorm magtig, ingedien word indien dit deur BKB of die Oordragsekretaris versoek word.
6. Aantekening 4 geld nie indien dié Inlewervorm 'n erkende CTSE-makelaarstempel op het nie.
7. Waar daar gesamentlike houers van enige aandele in die Maatskappy is, hoef net die houer wie se naam eerste ten opsigte van sodanige aandele in die register staan, dié Inlewervorm te onderteken.
8. BKB behou die reg om enige Inlewervorm te aanvaar of af te keur indien Aandeelhouers nie die vereiste inligting ingevul het of al die vereiste dokumente aan die Maatskappysektaris of Oordragsekretaris gelewer het nie,